



GRONDWET VAN DIE WINGERDVERBETERINGSVERENIGING

(Soos gewysig op 19 Februarie 2026)

1. NAAM EN AARD VAN DIE VERENIGING

- 1.1 Die naam van die Vereniging is die Wingerdverbeteringsvereniging (afkorting WVV), Engels – Vine Improvement Association (afkorting VIA).
- 1.2 Die doelwit van die Vereniging is om uitnemendheid in die kwaliteit en produksie van wingerdplantmateriaal te bevorder ter ondersteuning van die groei en volhoubaarheid van die Suid-Afrikaanse wingerdbedryf.
- 1.3 Die Vereniging het die reg om in sy eie naam regte te verkry, regshandelinge te verrig en as 'n regspersoon op te tree.

2. POSADRES EN GEREISTREERDE KANTOOR VAN DIE VERENIGING

- 2.1 Die geregistreerde kantoor van die Vereniging waar alle kennisgewings en mededelings ontvang en regsdokumente afgelewer kan word, is:

Plant SA
Eenheid 9A Riverside Industriële Park
Textilestraat 25
PAARL
7646

- 2.2 Die Raad van die Vereniging, soos in Artikel 9 bedoel, kan van tyd tot tyd na goedgekeurde die posadres en geregistreerde kantoor van die Vereniging verander.

3. DOELSTELLINGS VAN DIE VERENIGING

- 3.1 Die Vereniging het ten doel om die belange van sy lede, soos bedoel in Artikel 5, te bevorder deur plantverbetering en vermeerdering te koördineer en wingerdvoortplantingsmateriaal te sertifiseer tot voordeel van die Suid-Afrikaanse wyn-, tafel- en droogdruifbedrywe.
- 3.2 Die Vereniging onderneem om sy doelstellings te verwesenlik deur, onder meer, die volgende bedrywighede uit te voer:

- (a) die uitoefening van die bevoegdheid, die verrigting van werksaamhede en die nakoming van pligte wat aan hom verleen, toegewys of opgedra is ingevolge die Suid-Afrikaanse Plantsertifiseringskema vir *Vitis* (hierna “die Skema” genoem), kragtens die Plantverbeteringswet, 2018, (Wet nr. 11 van 2018);
- (b) die verantwoordelike Minister te adviseer oor -
 - (i) die toepassing van die Skema, met insluiting van die standarde waaraan wingerdvoortplantingsmateriaal moet voldoen ten einde ingevolge so 'n skema gesertifiseer te kan word; en
 - (ii) die minimum vereistes waaraan wingerdvoortplantingsmateriaal wat nie ingevolge die Skema gesertifiseer is nie, moet voldoen ten einde ingevolge die Plantverbeteringswet, 2018, (Wet nr. 11 van 2018), verkoop te kan word.
- (c) vir die doeleindes van die toepassing van die Skema, as die aangewese gesag met betrekking tot wingerdvoortplantingsmateriaal op te tree;
- (d) te verseker dat rekords saamgestel en in stand gehou word met betrekking tot -
 - (i) die hoeveelheid, die wingerdboukundige- en die fitosanitêre status van wingerdvoortplantingsmateriaal wat deur die Plantverbeterings-organisasies geproduseer is;
 - (ii) die gebruik van sodanige materiaal deur geregistreerde kwekers; en
 - (iii) die verkoop daarvan aan produsente.
- (e) reëls uit te vaardig met betrekking tot-
 - (i) die wyse waarop en die prosedure waarvolgens die Plantverbeteringsorganisasies die seleksie, evaluering, vermeerdering en toetsing van wingerdvoortplantingsmateriaal en die beskikbaarstelling daarvan aan die Suid-Afrikaanse wyn-, tafel- en droogdruifbedrywe onderneem; en
 - (ii) die verbouing van kwekeryplante en die voorlegging van rekords wat daarop betrekking het.
- (f) samewerking met ander organisasies van 'n soortgelyke aard en skakeling met enige ander liggaam of organisasie ten einde die belange van die Vereniging en sy lede te bevorder;
- (g) die Registrateur van Plantverbetering te adviseer oor -
 - (i) die erkenning van benamings van wingerd bo- en onderstokvariëteite vir opname in die variëteitslys wat ingevolge Artikel 24 van

die Plantverbeteringswet, 2018, (Wet nr. 11 van 2018) in stand gehou word of skrapping van benamings van variëteite uit sodanige lys; en

- (ii) die invoer van wingerdvoortplantingsmateriaal en -plante en aangeleenthede wat daarmee verband hou.

- 3.3 Die Vereniging onderneem om sy bedrywighede geheel en al daarop te mik om sy doelstellings te bevorder.

4. BEVOEGDHEID VAN DIE VERENIGING

- 4.1 Die Vereniging is bevoeg om:

- (a) enige eiendom, hetsy roerend of onroerend te verkry;
- (b) enige of al sy goed en bates te bestuur, te verseker, te verkoop, te verhuur, te vervreem of op 'n ander wyse daarmee te handel;
- (c) aansoek te doen om patente, patentregte, lisensie, handelsmerke of ander soortgelyke regte of om dit te koop of op enige ander wyse te verkry, te beskerm, te verleng en te hernuwe, en om daarmee te handel en te vervreem soos in Artikel 4.1(b) bepaal;
- (d) geld op enige wyse te belê by geregistreerde finansiële instellings, soos omskryf in Artikel 1 van die Wet op Finansiële Instellings, 2001 (Beskerming van Fondse), (Wet no. 28 van 2001) en in aandele wat op 'n gelisensieerde effektebeurs soos in die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1996 (Wet no. 71 van 1996) omskryf, genoteer is;
- (e) bankrekenings te open, te bestuur en te sluit;
- (f) 'n persoon of persone aan te stel en te vergoed vir dienste gelewer ter bereiking van sy doelstellings;
- (g) as prinsipaal, agent of kontrakteur op te tree; en
- (h) fooie en heffings in te stel en te verhaal vir dienste wat deur die Vereniging verskaf word, met die doel om die koste van hierdie dienslewering te dek.

- 4.2 Die Vereniging is nie bevoeg om enige oorskot, wins of profyt wat uit die uitvoering van sy bedrywighede ontstaan, aan enige persoon uit te keer nie. Die Vereniging is verplig om sy fondse uitsluitlik vir die uitvoering van die doelstellings waarvoor hy ingestel is, of vir belegging te gebruik.

- 4.3 Die Vereniging mag geen handelsaktiwiteite of winsgewende bedrywighede beoefen nie, en mag nie deelneem aan besigheids-, of spekulatiewe transaksies, soos die aankoop van eiendom vir huurinkomste nie. Verder mag die Vereniging nie betrokke raak by die professionele of beroepsbedrywighede

van sy lede nie, en mag geen finansiële hulp, perseel, aanhoudende dienste of fasiliteite verskaf vir die beoefening van 'n besigheid, professie of beroep van enige lid nie.

5. LIDMAATSKAP VAN DIE VERENIGING

5.1 Die lede van die Vereniging is:

- (a) as Plantverbeteringslede: Individuele Plantverbeteringsorganisasies;
- (b) as Kwekerslede: Individuele kwekers soos verteenwoordig deur die Suid-Afrikaanse Wingerdkwekersvereniging;
- (c) as Produsentelede:
 - (i) VinPro Beperk (beperk deur garansie) wat die individuele Wyndruifprodusente verteenwoordig (hierin “VinPro” genoem);
 - (ii) SATI (Suid Afrikaanse Tafeldruif Industrie) wat die individuele Tafeldruifprodusente verteenwoordig; en
 - (iii) Raisins SA wat die individuele Droogdruifprodusente verteenwoordig.

5.2 Die Vereniging mag na goedgekeurde op versoek 'n ander vereniging, individu of instansie as 'n lid van die Vereniging toelaat.

5.3 'n Vereniging, individu of instansie wat lid van die Vereniging word, word geag die doelstellings daarvan te onderskryf en van hom word verwag om dié te bevorder. In die geval van 'n vereniging wat lid van die Vereniging word, word verwag dat sodanige vereniging ook sal verseker dat sy lede die doelstellings van die Vereniging onderskryf en dit bevorder.

5.4 Lidmaatskap van die Vereniging kan beëindig word indien 'n lid nie die doelstellings van die Vereniging bevorder nie of nie meer voldoen aan daardie vereistes wat aan 'n lid van die Vereniging gestel word nie.

6. FINANSIERING VAN DIE VERENIGING

6.1 Die Vereniging sal soos volg gefinansier word:

- (a) Lidmaatskapfooie soos jaarliks volgens Artikel 13.1(c) deur die Raad bepaal.
- (b) Registrasiefooie ingevolge die Skema soos jaarliks volgens Artikel 13.1(d) deur die Raad bepaal ten opsigte van die -
 - (i) Plantverbeteringsorganisasies wat ingevolge die Skema by die Vereniging geregistreer is; en

- (ii) Kwekers wat ingevolge die Skema by die Vereniging geregistreer is.
- (c) Diensteheffings soos jaarliks volgens Artikel 13.1(d) deur die Raad bepaal aan die hand van:
 - (i) die getal klone toegevoeg tot die Kloneregister deur die Plantverbeteringsorganisasies;
 - (ii) die getal stokke aangeplant deur die Plantverbeteringsorganisasies in geregistreerde grondves- en moedereenhede onder die Skema;
 - (iii) die getal plantmateriaal bondels uitgereik deur Plantverbeteringsorganisasies uit geregistreerde kern-, grondves- en moeder eenhede onder die Skema; en
 - (iv) die getal gesertifiseerde kwekeryplante en grondveskwekery-plante gesertifiseer deur kwekers en Plantverbeteringsorganisasies.

7. REGTE EN VERPLIGTINGE VAN DIE LEDE

7.1 Elke Plantverbeteringslid sal:

- (a) self die fasiliteite aanskaf en in stand hou en die personeel in diens neem of dienste bekom van goedgekeurde instansies wat nodig is vir die evaluering, versorging, ontwikkeling, verbetering en vermeerdering van wingerdvoortplantingsmateriaal ooreenkomstig die standaard wat die Raad, in Artikel 8 bedoel, bepaal;
- (b) onafhanklik van die Vereniging of enige ander lid van die Vereniging, die bestuur, administrasie en finansiering van sy handelinge met betrekking tot die ontwikkeling, verbetering en vermeerdering van wingerdvoortplantingsmateriaal tot voordeel van alle sektore in die wyn-, tafel- en droogdruifbedrywe onderneem;
- (c) op die tye en wyse wat die Raad, soos in Artikel 8 bedoel, bepaal, besonderhede verstrek van die hoeveelheid en wingerdboukundige en fitosanitêre status van die wingerdvoortplantingsmateriaal, bostokke sowel as onderstokke, waaroor daardie lid of die instansies wat aan so 'n lid verbonde is, beskik en van die hoeveelheid van sodanige wingerdvoortplantingsmateriaal wat vir gebruik aan die wyn-, tafel- en droogdruifbedrywe beskikbaar gestel kan word;
- (d) die reëls wat die Vereniging ingevolge Artikel 3.2(e) uitvaardig, nakom; en
- (e) die bepalings van die Skema nakom vir sover dit die wingerdvoortplantingsmateriaal betref waarna in Artikel 7.1(c) verwys word.

- 7.2 Slegs Plantverbeteringslede wat ingevolge die Skema by die Vereniging geregistreer is, is gemagtig om kern-, grondves-, grondveskwekery- en moedereenhede te vestig.
- 7.3 Elke Kwekerslid wat ingevolge die Skema by die Vereniging geregistreer is, sal verseker dat hy die bepalings van hierdie Grondwet nakom en in besonder dat hy:
- (a) die bepalings van die Skema sal nakom vir sover dit die verbouing van gesertifiseerde kwekeryplante ingevolge die Skema betref;
 - (b) op die tye en wyse wat die Raad, soos in Artikel 8 bedoel, bepaal, besonderhede sal verstrek van die hoeveelheid kwekeryplante waaroor hy beskik en van die hoeveelheid kwekeryplante wat vir gebruik aan die Wyn, Tafel- en droogdruifbedrywe beskikbaar gestel kan word of is; en
 - (c) die reëls wat die Vereniging ingevolge Artikel 3.2(e) uitvaardig, nakom.

8. UITVOERENDE RAAD

- 8.1 Die Vereniging het 'n Uitvoerende Raad (hierin “die Raad” genoem) wat bestaan uit:
- (a) een lid elk, wat vir dié doel deur die individuele Plantverbeterings-organisasies benoem is;
 - (b) twee persone wat vir dié doel deur die Suid-Afrikaanse Wingerdkwekersvereniging benoem is;
 - (c) twee lede elk, wat vir dié doel benoem is deur die Produsente Organisasies:
 - (i) VinPro;
 - (ii) SATI; en
 - (iii) Raisins SA;
 - (d) 'n maksimum van drie gekoöpteerde persone wat deur die Plantverbeterings-, Kwekers- en Produsente Raadslede benoem word op grond van hul besondere kennis van wingerdplantverbetering of wingerdertifisering of wingerdnavorsing; en
 - (e) een persoon wat as voorsitter van die Raad aangestel is soos in Artikel 14.1 bepaal.
- 8.2 Die lede van die Raad:

- (a) wat aangewys is soos in Artikel 8.1(a), word hierna die Plantverbeteringsraadslede genoem;
 - (b) wat benoem is soos in Artikel 8.1(b) word hierna die Kwekersraadslede genoem;
 - (c) wat benoem is soos in Artikel 8.1(c) word hierna die Produsenteraadslede genoem; en
 - (d) wat aangewys is soos in Artikel 8.1(d), word hierna die Gekoöpteerde Raadslede genoem.
- 8.3 Die Plantverbeteringsraadslede het gesamentlik drie stemme ten behoeve van die plantverbeteringsorganisasies.
- 8.4 Die Kwekersraadslede het een stem elk ten behoeve van die Suid-Afrikaanse Wingerdkwekersvereniging.
- 8.5 Elkeen van die ses persone vir dié doel benoem deur die onderskeie Produsente Organisasies hieronder vermeld, verkry een stem elk ten behoeve van die organisasie wat hy/sy aldus verteenwoordig -
- (a) VinPro;
 - (b) SATI; en
 - (c) Raisins SA.
- 8.6 Gekoöpteerde Raadslede soos aangewys ingevolge Artikel 8.1(d) het geen stemreg nie.
- 8.7 Die Voorsitter soos aangewys ingevolge Artikel 8.1(e) het geen stemreg nie.

9. BENOEMING EN AANWYSING VAN LEDE VAN RAAD

- 9.1 Wanneer die benoeming van 'n lid van die Raad nodig word, moet daardie lid of organisasie wat die betrokke Raadslid moet benoem, die naam van daardie Raadslid aan die Sekretaris van die Raad voorlê so spoedig moontlik nadat gemelde Sekretaris skriftelik versoek het dat dit gedoen word.
- 9.2 Wanneer die aanwysing van 'n gekoöpteerde lid van die Raad nodig word, moet die Plantverbeterings-, Kwekers- en Produsente Raadslede van die Uitvoerende Raad by wyse van stemming 'n persoon aanwys wat vir die spesifieke doel as geskik geag word.
- 9.3 Wanneer die Gekoöpteerde lid ingevolge Artikel 9.2 aangewys is, moet die instansie aan wie die persoon verbonde is so spoedig moontlik nadat die Sekretaris van die Raad skriftelik versoek het die aanwysing van die Gekoöpteerde lid op die Raad goedkeur.

10. PLAASVERVANGENDE RAADSLEDE

- 10.1 Wanneer die aanwysing van 'n lid van die Raad nodig word, moet daardie lid van die Vereniging wat die betrokke Raadslid moet benoem, ook die naam van 'n plaasvervanger vir daardie lid aan die Sekretaris van die Raad voorlê so spoedig moontlik nadat sodanige lid deur die gemelde Sekretaris ingevolge Artikel 9 skriftelik daartoe versoek is.
- 10.2 'n Plaasvervangende Raadslid kan in die afwesigheid van die Raadslid vir wie hy aldus aangestel is enige vergadering van die Raad bywoon en aldaar in die plek van daardie Raadslid optree.
- 10.3 Die bepalings van hierdie grondwet wat op 'n Raadslid van toepassing is, is *mutatis mutandis* van toepassing op die plaasvervangende Raadslid wat vir daardie Raadslid aangestel is.

11. AMPSTERMYN VAN LEDE VAN RAAD

- 11.1 'n Benoemde Raadslid beklee sy amp ten genoeg van die lid van die Vereniging deur wie hy benoem is vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar en iemand wat sy amp aldus weens tydsverloop ontruim, kan weer as 'n Raadslid aangestel word.
- 11.2 'n Raadslid soos in Artikel 8.1(e) aangestel, beklee sy amp vir die tydperk, maar hoogstens drie jaar, wat die Plantverbeterings-, Kwekers- en Produsente Raadslede ten tyde van sy aanstelling bepaal. So 'n persoon wat sy amp aldus weens tydsverloop ontruim, kan weer as so 'n lid aangestel word soos in Artikel 14.1 bepaal.
- 11.3 'n Gekoöpteerde Raadslid beklee sy amp ten genoeg van die Uitvoerende Raad deur wie hy aangewys is vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar en iemand wat sy amp aldus weens tydsverloop ontruim, kan weer as 'n Raadslid aangestel word soos in Artikel 8.1(d) bepaal.

12. AMPSONTRUIMING EN VULLING VAN VAKATURES

- 12.1 'n Lid van die Raad ontruim sy amp indien: -
- (a) hy sonder verlof van die Raad van twee agtereenvolgende vergaderings daarvan afwesig was;
 - (b) hy skriftelik sy bedanking by die Sekretaris van die Raad indien;
 - (c) 'n lid van die Vereniging wat hom benoem het, die Sekretaris van die Raad skriftelik in kennis stel dat daardie lid se benoeming of aanwysing, na gelang van die geval, ingetrek is;
 - (d) in die geval van 'n lid in Artikel 8.1(e) beoog, die ampstermyn van daardie lid verstryk het; en

- (e) die instansie deur wie hy benoem is soos in Artikel 26.1 uit die Vereniging sal tree.

12.2 'n Vakature in die Raad wat ingevolge Artikel 12.1 of as gevolg van die dood van 'n lid ontstaan, word gevul by wyse van benoeming, aanwysing of, indien van toepassing, aanstelling op dieselfde wyse waarop die lid wat sy amp ontruim of te sterwe gekom het, benoem, aangewys of aangestel was.

13. VERANTWOORDELIKHEDE VAN RAAD

13.1 Behoudens die bepalings van Artikels 13.2 en 13.3 word die sake van die vereniging deur die Raad behartig, en is die Raad in besonder verantwoordelik:

- (a) om die bevoegdhede van die Vereniging uit te oefen ten einde die verwesenliking van die doelstellings van die Vereniging na te streef;
- (b) om aan die lede van die Vereniging rekenskap te gee van sy behartiging van die Vereniging se sake;
- (c) om van tyd tot tyd te besluit oor lidmaatskapsfooie, met dien verstande dat verskillende lidmaatskapsfooie vir verskillende kategorieë lede gestel kan word; en
- (d) om van tyd tot tyd te besluit oor registrasie fooie en diensteheffings wat betaal moet word deur kwekers en plantverbeteringsorganisasies wat ingevolge die Skema geregistreer is.

13.2 Slegs die stemgeregtigde Raadslede, soos in Artikels 8.3 tot 8.6 uiteengesit is bevoeg om te stem oor:

- (a) 'n aangeleentheid betreffende die interne administrasie van die Vereniging, Grondwet wysigings, ontbinding van die Vereniging, die Raad, lede van die Vereniging of instansies wat aan lede van die Vereniging verbonde is; en
- (b) 'n aangeleentheid wat betrekking het op die personeel, bates of finansies van die Vereniging.

13.3 'n Stuk waarin 'n finansiële verpligting namens die Vereniging aangegaan word of die fondse van die Vereniging onttrek word, moet deur minstens twee persone deur die Raad daartoe gemagtig onderteken word: met dien verstande dat minstens een van sodanige persone 'n lid van die Raad moet wees.

14. VOORSITTER EN ONDER-VOORSITTER

14.1 Die stemgeregtigde lede van die Raad kies 'n onafhanklike Voorsitter, en 'n Onder-voorsitter uit die geledere van die Produsente-, en Gekoöpteerde Raadslede.

- 14.2 Iemand wat aldus verkies is, beklee sy amp vir 'n tydperk van drie jaar en so 'n persoon kan by verstryking van sy ampstermyn aldus herkies word.
- 14.3 Die ampstermyn van iemand aangestel soos in Artikel 8.1(e) bepaal is, is soos in Artikel 11.2 uiteengesit.

15. BYEENROEP VAN VERGADERINGS

- 15.1 Die gewone vergaderings van die Raad word so dikwels en op sodanige tye en plekke as wat die Raad van tyd tot tyd bepaal, gehou.
- 15.2 Die Voorsitter kan na goeddunke 'n buitengewone vergadering van die Raad belê op die tyd en plek wat hy bepaal, met die oog op die hantering van spesiale of dringende aangeleenthede. 'n Buitengewone vergadering kan ook belê word op versoek van minstens drie lede van die Raad.
- 15.3 Die Sekretaris van die Raad moet elke lid van die Raad minstens sewe dae, of sodanig langer of korter tydperk as wat die Voorsitter in 'n bepaalde geval gelas, voor die tyd in kennis stel van die datum, tyd en plek van elke vergadering.

16. KWORUM VAN VERGADERINGS

- 16.1 'n Meerderheid van die lede van die Raad maak 'n kworum vir 'n vergadering uit.

17. VOORSITTER BY VERGADERINGS

- 17.1 Die Voorsitter van die Raad of, in sy afwesigheid, die Onder-voorsitter moet op alle vergaderings daarvan waarop hy aanwesig is, voorsit.
- 17.2 Indien die Voorsitter sowel as die Onder-voorsitter van die Raad nie in staat is om 'n vergadering of 'n gedeelte van 'n vergadering daarvan by te woon of daarop voor te sit nie, moet die aanwesige lede behoudens die bepalings van Artikel 14.1, uit hul midde iemand verkies om voor te sit vir die tydperk waarin die Voorsitter en Onder-voorsitter afwesig is of nie in staat is om voor te sit nie.
- 17.3 Iemand wat verkies is soos in Artikel 17.2 beoog, kan vir die duur van die tydperk waartydens hy voorsit, al die bevoegdhede van die Voorsitter uitoefen en al sy pligte verrig.

18. PROSEDURE BY VERGADERINGS

- 18.1 Die persoon wat op 'n vergadering van die Raad voorsit, bepaal die prosedure op daardie vergadering of gedeelte van 'n vergadering.

19. BESLUIE VAN RAAD

19.1 Behoudens die bepalings van Artikel 13.2 -

- (a) maak die beslissing van 'n meerderheid van die getal lede van die Raad wat op 'n vergadering daarvan aanwesig is, die besluit van die Raad uit;
- (b) die Voorsitter van die Raad sal nie oor 'n beslissende stem beskik nie;
- (c) behoudens Artikel 13.2 het 'n Gekoöpteerde Raadslid 'n beperkte stemreg.

19.2 Geen besluit deur die Raad geneem of handeling op gesag van 'n besluit van die Raad verrig, is ongeldig bloot vanweë 'n tydelike vakature in die Raad of vanweë die feit dat iemand wat nie geregtig is om as 'n lid van die Raad sitting te neem, as lid van die Raad sitting geneem het op die tydstip waarop die betrokke besluit geneem is nie, indien die besluit geneem is deur die vereiste meerderheid van die lede van die Raad wat toe aanwesig was en geregtig was om as lede sitting te neem.

20. DAGBESTUUR VAN RAAD

- 20.1 Die Raad het 'n Dagbestuur wat bestaan uit die Voorsitter, die Onder-voorsitter en die Sekretaris van die Uitvoerende Raad.
- 20.2 Die Dagbestuur oefen die bevoegdhede van die Raad uit en verrig die pligte van die Raad wat die Raad aan hom opdra.

21. KOMITEES VAN DIE RAAD

- 21.1 Die Raad kan van tyd tot tyd die komitees aanstel wat hy nodig ag om dié bevoegdhede van die Raad uit te oefen en dié pligte van die Raad te verrig wat die Raad daaraan opdra.
- 21.2 So 'n komitee bestaan uit: -
 - (a) minstens een lid van die Raad; en
 - (b) die ander persone wat die Raad as bevoeg beskou om as lid van so 'n komitee te dien.

22. REKENKUNDIGE REKORDS

- 22.1 Die Vereniging hou in Afrikaans of Engels die rekenkundige rekords wat nodig is om die toestand van die sake en besigheid van die Vereniging redelik weer te gee en om die transaksies en finansiële toestand van die bedryf of besigheid van die Vereniging te verduidelik.

- 22.2 Sodanige rekenkundige rekords word gehou by die geregistreerde kantoor van die Vereniging of die ander plek wat die Raad bepaal, en is te alle tye beskikbaar vir insae deur die lede van die Vereniging.

23. BOEKJAAR VAN VERENIGING

- 23.1 Die eerste boekjaar van die Vereniging strek vanaf die datum waarop die Vereniging tot stand kom soos in Artikel 1.4 beoog, tot 'n datum wat die Raad bepaal en wat minstens ses maande maar hoogstens agtien maande na eers bedoelde datum is, en daaropvolgende boekjare van die vereniging strek oor tydperke van twaalf maande vanaf die datum eersvolgende op die datum aldus bepaal.
- 23.2 Die Raad kan die einde van 'n boekjaar verander na 'n datum wat nie meer as ses maande vroeër of later is as die einde van die boekjaar waarin daardie besluit geneem is nie.

24. OUDITERING

- 24.1 Die rekenkundige rekords van die Vereniging word binne drie maande na die einde van elke boekjaar aan 'n ouditeur, soos omskryf in die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1995 (Wet no. 23 van 1995) en vir dié doel deur die Raad aangewys, vir ouditering voorgelê.

25. WYSIGING VAN GRONDWET

- 25.1 Hierdie grondwet kan gewysig word deur 'n besluit van die Raad indien minstens twee derdes van alle stemgeregtigde Raadslede wat by 'n formele vergadering teenwoordig is, hul stemme op daardie vergadering ten gunste daarvan uitbring.
- 25.2 'n Kennisgewing van 'n voorgenome wysiging van hierdie grondwet word minstens dertig dae voor die vergadering van die Raad waartydens daarvoor gestem sal word, skriftelik aan elke lid van die Raad besorg.
- 25.3 'n Wysiging aan hierdie grondwet wat 'n verpligting van watter aard ookal op die Staat of 'n Gekoöpteerde Raadslid plaas, tree nie in werking nie tensy die hoofde van die Staatsdepartemente of organisasie wat die lid verteenwoordig, skriftelik daartoe instem.
- 25.4 Alle wysigings aan hierdie grondwet sal voor goedkeuring deur die lede aan die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens voorgelê word vir beginsel-goedkeuring.

26. BEDANKING

- 26.1 Enige lid van die Vereniging kan met 45 dae kennisgewing aan die Vereniging uit die Vereniging tree en sy aanspreeklikheid vir optrede van die Vereniging sal beëindig word by afloop van die tydperk van 45 dae. Sodanige lid sal ten volle aanspreeklik bly vir sy bydrae tot verpligtinge en onkoste wat deur die Vereniging aangegaan word voor die afloop van die tydperk van 45 dae. Sodanige lid sal egter nie aanspreeklik wees vir enige verpligtinge of kostes wat na die afloop van die tydperk aangegaan word nie.
- 26.2 Nieteenstaande enige ander bepaling in hierdie grondwet, sal die bedanking van 'n lid van die vereniging nie die voortbestaan van die vereniging of die funksionering van die Raad beïnvloed nie. Die pligte en funksies van die lede en hul verteenwoordigers op die Raad sal in die geval van die bedanking van 'n lid deur die oorblywende lede verrig word.
- 26.3 By bedanking van 'n lid van die Vereniging word die getal lede van die Raad ooreenstemmend verminder met die getal verteenwoordigers wat so 'n lid op die Raad verteenwoordig het.

27. ONTBINDING

- 27.1 Die Vereniging kan, behoudens Artikel 13.2(a) ontbind word indien minstens twee derdes van al die Raadslede van die Vereniging by 'n formele vergadering teenwoordig is, en elke Raadslid sy stem op daardie vergadering ten gunste daarvan uitbring.
- 27.2 'n Kennisgewing van 'n voorstel vir die ontbinding van die Vereniging word minstens 30 dae voor die vergadering van die Raad waartydens daarvoor gestem sal word, skriftelik aan elke lid van die Vereniging voorsien.
- 27.3 By likwidasië of ontbinding van die Vereniging word die bates wat oorbly na voldoening aan enige verpligtinge, by wyse van verdeling ingevolge en ooreenkomstig 'n verslag van die ouditeur, gegee of oorgemaak aan 'n ander maatskappy, genootskap of vereniging met oogmerke soortgelyk aan dié van hierdie Vereniging en wat ook vrygestel is van die betaling van inkomstebelasting ingevolge Artikel 10(1)(d)(iv)(bb) van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet no. 58 van 1962) en by gebrek aan sodanige vereniging, aan 'n ander vereniging betrokke by wingerdbou waartoe die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens toestemming verleen.